# 24 Augustus 2023 - Lesing 108 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - Deel 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Ek is die weg, die waarheid en die lewe – 12/3/59

**NO: 7305** Geen mens het die lewe in hom nie, tensy hy dit ontvang het van My, **want Ek is die Lewe** en van My gaan al die Lewe uit. By die begin van sy beliggaming behoort die mens nog veel meer aan die dood en op aarde moet hy eers die ware lewe bereik.

Daartoe moet hy 'n bepaalde weg gaan en hierdie weg is Ek Self. Hy moet die waarheid uit My hand aanneem, **omdat Ek ook die ewige Waarheid is.**

En so is daar maar die een weg na die Waarheid en die Lewe en dit heet JaHshua Messias, **want elke mens moet eers deur Hom verlos word, as hy die ewige lewe wil bereik.** Daarom het Ek in die mens JaHshua Self na die aarde gekom om aan die mense die weg te toon en almal daarop voorgegaan het wat My maar wil volg om bygevolg in waarheid lewend te word.

Voor hulle egter verlos is deur JaHshua Messias, is hulle nog in die **nag** van die dood, hulle ken nie die waarheid nie, hulle ken nie die **regte weg** wat na die lewe lei nie en sou hulle dit geken het, dan sou hulle nie die **krag** gehad het om daarop te gaan nie. **Maar JaHshua Messias skenk aan hulle hierdie krag, Hy lei hulle en bevry hulle van die dood, sodat hulle die lewe in geluksaligheid kan binnegaan.**

Daarom het Ek gesê: "**Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe**" Sonder My kan niemand tot die waarheid kom en die lewe bereik nie, want solank hy My nie as Leidsman het nie, gaan hy op 'n ander weg, wat beslis nie van die dood na die lewe voer nie. **Maar die mens moet dit ook wil om lewend te word** en hy moet stryd voer teen hom wat probeer om hom in die dood vas te hou, wat alles sal doen om hom te verhinder om die regte weg, die weg na die lewe, **te vind**.

Die mens moet self wil dat hy sal lewe en hom tot die Meester van die lewe wend, Hom vra om krag en leiding, omdat hy alleen te swak is om hierdie weg te gaan. Want die weg gaan omhoog en **vereis krag**, die weg is baie **moeisaam** om te gaan en nie aanloklik nie en verg daarom ook 'n **vaste wil** van die mens om die weg vanweë sy doel af te lê. Want die doel is heerlik, die doel is 'n lewe in geluksaligheid, in lig en krag en vryheid.

Maar geen mens hoef moed te verloor, of angstig te wees dat dit hom aan krag sal ontbreek nie, as hy hom maar tot JaHshua Messias sal wend, **tot Hom in Wie Ek Self oor die aarde gewandel het** om julle mense te verlos van sonde en dood, van swakheid en duisternis.

Wie homself tot Hom wend, wend homself tot My, wanneer hy maar glo dat slegs Een die lewe kan gee, Wie Self die Meester is oor lewe en dood. En wanneer Ek spreek van "lewe", dan spreek Ek oor **die lewe wat ewig duur,** nie die kort lewe op aarde wat julle alleen maar gegee word met die doel om die ewige lewe te verwerf nie.

Ek wil dat julle leef in ewigheid en die lewe van julle moet 'n geluksalige lewe wees, maar julle sal die weg moet neem via JaHshua Messias en julle sal heel seker die lewe in alle volheid en waaragtigheid bereik, julle sal weer met My verenig wees, soos wat dit was in die allereerste begin, julle sal vir ewig lewe en hierdie lewe nooit meer verloor nie. Amein.

Johannes 14

*4 En waar Ek heengaan, weet julle en die Weg ken julle.*

*5 Thomas sê vir Hom: Meester, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die Weg ken?*

*6 JaHWèshua antwoord hom:* ***Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.***

*7 As julle My geken het, sou julle My VADER ook geken het, en van nou af ken julle HOM en het julle HOM gesien.*

*8 Filippus sê vir Hom: Meester, toon ons die VADER, en dit is vir ons genoeg.*

*9 JaHWèshua sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus?* ***Hy wat My gesien het, het die VADER gesien.*** *En hoe sê jy: Toon ons die VADER?*

*10 Glo jy nie* ***dat Ek in die VADER is en die VADER in My nie****? Die Woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die VADER* ***wat in My bly****, HY doen die werke.*

*11* ***Glo My dat Ek in die VADER is, en die VADER in My****; of anders, glo My ter wille van die werke self.*